education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# REKENINGKUNDE

## GRAAD 10

## JUNIE 2022 – TOETS

## PUNTE: 200

## TYD: 2 ½ UUR

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word verskaf waarin jy al die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG | ONDERWERP | PUNTE | MINUTE |
|---|---|---|---|
| **1** | Kontantjoernale | 35 | 30 |
| **2** | Debiteureversoening | 25 | 20 |
| **3** | Grootboekrekeninge | 30 | 25 |
| **4** | Salarisjoernaal | 35 | 20 |
| **5** | AARP beginsels en rekeningkundige vergelyking | 30 | 20 |
| **6** | Aansuiwerings | 45 | 35 |
| **TOTAAL** | | **200** | **150** |

**VRAAG 1: KONTANTJOERNALE** **(35 punte, 30 minute)**

**1.1 KONSEPTE**

**GEVRA:**

Pas die korrekte brondokument in kolom B by die gepaste transaksie in kolom A. Skryf slegs die korrekte antwoord in die antwoordboek..

| **TRANSAKSIE** | | **BRONDOKUMENT** | |
|---|---|---|---|
| 1.1.1 | Betalingsmetode vir goedere aangekoop | A | Faktuur |
| 1.1.2 | Goedere teruggestuur deur 'n klant | B | Debietnota |
| 1.1.3 | Kredietverkope | C | Kredietnota |
| 1.1.4 | Goedere teruggestuur aan 'n verskaffer | D | EFO (Elektroniese fondsoordrag) |

(4)

**1.2 KONTANTJOERNALE**

Die volgende inligting is uit die boeke van ACE Verskaffers vir Mei 2022 onttrek. Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 80% op kosprys. Verskaf jou eie brondokumente. Die joernale **moet nie** afgesluit word nie.

**GEVRA:**

1.2.1 Berei die volgende joernale voor. Tel slegs die bankkolom op.

- Kontantontvangstejoernaal (14)
- Kontantbetalingsjoernaal (17)

**TRANSAKSIES VIR MEI 2022:**

1 Die eienaar, M. Riande, verhoog sy kapitaalbydrae deur 'n addisionele deposito van R125 000 in die besigheid se bankrekening te deponeer.

2 Gaan 'n lening aan by Bata Bank vir R185 000 teen 'n rentekoers van 12% per jaar, maandeliks betaalbaar.

6 Betaal Snowy Handelaars per EFO nr. 44 vir:
- Handelsvoorraad – R22 450
- Skryfbehoeftes – R3 180
- Voertuie – R165 000.

11 Betaal JJ Winkels per EFO vir 'n nuwe voertuig aangekoop, R165 000.

17 Kontantverkope vir die week, R22 320. Krr nr. 2 is uitgereik.

19 Magtig ’n EFO ten gunste van Danny Handelaars vir R3 900 en ontvang korting van R360.

26 Ontvang ’n EFO betaling van ’n debiteur, L Lindiwe van R3 940 om sy rekening van R4 160 te vereffen.

30 Bankstaat ontvang van Vivo Bank toon die volgende:
- Diensgeld R312,
- Rente op lopende rekening R133
- EFO kostes R114
- Terugbetaling op lening, R3 850, rente ingesluit.

**35**

**VRAAG 2: DEBITEURSVERSOENING** **(25 punte; 20 minute)**

**LUCKY LOO HANDELAARS**

Die volgende inligting is geneem uit die rekenkundige rekords van Lucky Loo Handelaars vir April 2022. Aan die einde van die maand het die Debiteurekontrolerekening en Debiteurelys nie gebalanseer nie

**GEVRAE**

2.1 Bereken die korrekte saldo van die Debiteurekontrolerekening vir April 2022. Gebruik “+” vir ’n toename, ’n ” -” vir ’n ”0” vir geen inskrywing (of effek). (10)

2.2 Berei die korrekte Debiteurelys vir April 2022 voor. (13)

2.3 Noem twee voordele van EFO-betalings. (2)

**INLIGTING**

A **Saldo’s op 30 April 2022:**

| | |
|---|---|
| Debiteurekontrolerekening | R38 495 |

B

| **Lys van debiteure op 30 April 2022** | **R** |
|---|---|
| B. Mkize | 5 950 |
| R. Radebe | 16 600 |
| L. Lemoen | 11 580 |
| B. Brown | 5 280 |

C **Die volgende foute en weglatings is ontdek:**

(i) Die totaal van die verkopekolom in die Debiteurejoernaal is met R3 900 te min opgetel.

(ii) ’n EFO betaling van R5 600 ontvang van B. Mkize om sy rekening te vereffen, is nooit aangeteken nie.

(iii) Die totaal van die Debiteureafslagjoernaal is met R2 175 te min opgetel.

(iv) Goedere wat op krediet verkoop was aan L. Lemoen vir R3 900, is korrek in die joernaal aangeteken, maar is oorgeboek na sy rekening as R3 090.

(v) Hef rente van 8% vir 3 maande op die rekening van R. Radebe. Geen inskrywing is gemaak nie.

(vi) Kredietverkope aan B. Brown vir R1 630. Die boekhouer het dit hanteer as ’n terugsending en dit so geboekstaaf.

(vii) Goedere is op krediet aan L. Lemoen vir R3 700 verkoop. Dit is korrek in die joernaal en algemene grootboek geboekstaaf, maar verkeerdelik na die rekening van B. Brown oorgeboek. Herstel die fout.

**25**

**VRAAG 3: GROOTBOEKREKENINGE (30 punte; 25 minute)**

**PATENSIE WINKEL**

Die volgende inligting is geneem uit die rekenkundige rekords van Patensie Winkels.

**GEVRA:**

Stel die volgende rekeninge in die Algemene grootboek op. Sluit ook die rekeninge af aan die einde van die maand.

3.1 Bank (5)

3.2 Handelsvoorraad (11)

3.3 Verkope (4)

3.4 Koste van verkope (7)

3.5 Bereken die winsopslag op kosprys (3)

**INLIGTING:**

**A Opening saldo's op 1 Mei 2022:**

| | |
|---|---|
| Bank | R44 950 |
| Handelsvoorraad | 78 800 |
| Verkope | 204 000 |
| Koste van verkope | 120 000 |

**B Uittreksel uit joernale vir Mei 2022:**

**Kontantontvangstejoernaal – Mei 2022 KOJ**

| Dok | D | Besonderhede | Fol | Bank | Verkope | Koste van verkope | Debiteurekontrole | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Ontvangstes | Korting |
| | | | | 101 060 | 67 660 | 39 800 | 33 400 | 3 740 |

**Kontantbetalingsjoernaal – Mei 2022 KBJ**

| Dok | D | Besonderhede | Fol | Bank | Handelsvoorraad | Skryfbehoeftes | Krediteurskontrole | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Betalings | Korting |
| | | | | 155 500 | 103 400 | 54 000 | 22 800 | 2 590 |

**Krediteursjoernaal – Mei 2022 KJ**

| Dok | D | Besonderhede | Fol | Krediteurskontrole | Handelsvoorraad | Skryfbehoeftes | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 96 550 | 79 300 | 7 725 | 9 525 |

**Krediteursafslagjoernaal – Mei 2022 KAJ 7**

| Dok | D | Besonderhede | Fol | Krediteurskontrole | Handelsvoorraad | Skryfbehoeftes | Diverse rekeninge |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 11 460 | 6 900 | 2 540 | 2 020 |

**Debiteurejoernaal – Mei 2022 DJ**

| Dok | D | Besonderhede | Fol | Verkope | Koste van verkope |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 40 290 | 23 700 |

**Debiteureafslagjoernaal – Mei 2022 DAJ**

| Dok | D | Besonderhede | Fol | Debiteursafslag | Koste van verkope |
|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 4 400 | 2 300 |

**Algemene joernaal – Mei 2022 AJ**

| Dok | D | Besonderhede | Debiet | Krediet | Debiteurskontrole Debiet | Debiteurskontrole Krediet |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 28 | Onttrekkings | 1 790 | | | |
| | | Handelsvoorraad | | 1 790 | | |
| | | Eienaar neem voorraad | | | | |

**30**

**VRAAG 4: SALARISJOERNAAL** **(35 punte; 20 minute)**

**PARYS MUSICA**

Parys Musica het drie voltydse werknemers

**GEVRA:**

4.1 Gebruik die inligting verskaf en voltooi die Salarisjoernaal van Parys Musica vir die maand geëindig 31 Mei 2022. (35)

**INLIGTING:**

A. Parys Musica het die volgende drie werknemers:
- P. Piano (Getroud)
- G. Guitar (Ongetroud)
- F. Flute (Getroud, met een kind)

B. Inligting rondom salarisse:
- P. Piano verdien 8 000 per maand
- G. Guitar verdien R144 000 per jaar
- Salarisskaal van F. Flute (reeds 2 jaar in diens van die besigheid):

| 84 000 x 8 400 – 109 200 x 15 400 – 155 400 . |
|---|

C. Aftrekkings:

(i) Pensioenfonds:
- Alle werknemers is lede van BB Pensioenfonds en dra 8% van hul bruto salaris by.

(ii) Mediese fonds stipulasies:
- Volwassenes betaal R450 per maand per persoon
- Kinders betaal R200 per kind, per maand

(iii) Suid-Afrikaanse Inkomstediens:
- Alle werknemers betaal 20% op hul bruto salaris

(iv) Werkloosheidsversekeringsfonds:
- 1% van hul bruto salaris

**D** Werkgewersbydrae:
- 12% van bruto salaris vir mediese fonds
- Werkgewer dra R2 vir elke R1 by tot pensioenfonds
- WVF bydrae is 1%

**35**

## VRAAG 5: AARP BEGINSELS EN REKENKUNDIGE VERGELYKING

**(30 punte; 20 minute)**

**GEVRA:**

5.1 Pas die AARP beginsel in KOLOM A by die korrekte verduideliking in KOLOM B. Skryf slegs die letter (A – E) langs die korrekte vraagnommer (5.1.1 – 5.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 5.1.1 Besigheidsentiteit | A | Finansiële state word opgestel op die aanname dat die besigheid in die toekoms sal voortbestaan. |
| 5.1.2 Historiese koste | B | Finansiële state word konserwatief opgestel. |
| 5.1.3 Paringsbeginsel | C | Bates word aangeteken teen die prys wat dit voor aangekoop is. |
| 5.1.4 Lopende saak | D | Inkomstes en uitgawes moet in die korrekte finansiële jaar aangeteken word. |
| 5.1.5 Omsigtigheids-beginsel | E | Die eienaar en besigheid se finansies moet apart gehou word. |

(5)

5.2 **SILBANYA HANDELAARS**

Die inligting verskaf het betrekking tot Silbanya Handelaars vir April 2022. Die besigheid handhaaf 'n winsopslag van 50% op kosprys.

**GEVRA:**

Toon die effek van die transaksies op die rekenkundige vergelyking. Neem aan dat die bankrekening in alle gevalle **gunstig** is. Teken die rekening en die bedrag aan. (25)

**TRANSAKSIES:**

5.2.1 Kredietaankope van handelsvoorraad van Rebecca Handelaars, R3 950.

5.2.2 Die eienaar skenk R1 500 se skryfbehoeftes aan die plaaslike hoërskool.

5.2.3 Stuur handelsvoorraad ter waarde van R645 terug aan Rebecca Handelaars (sien 5.2.1).

5.2.4 'n Debiteur M. Modupi stuur goedere ter waarde van R600 terug aan die besigheid. Koste van verkope was R450.

5.2.5 M. Vanneer, 'n debiteur, vereffen haar rekening van R1 300 deur 'n EFO betaling van R1 180.

**30**

**VRAAG 6: JAAREINDAANSUIWRINGS** **(45 punte; 35 minute)**

Die vooraansuiweringsproefbalans van Bloem Handelaars op 28 Februarie 2022, die einde van die finansiële jaar.

**GEVRA:**

6.1 Teken die aansuiwerings op 28 Februarie 2022 aan in die Algemene Joernaal van Bloem Handelaars. (45)

**INLIGTING:**

**BLOEM HANDELAARS**
**UITTREKSEL UIT DIE VOORAANSUIWERINGSPROEFBALANS OP 28 FEBRUARIE 2022**

| **BALANSSTAATREKENINGE** | **DEBIET** | **KREDIET** |
|---|---|---|
| Voertuie | 750 000 | |
| Toerusting | 360 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1/3/2021) | | 350 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1/3/2021) | | 160 000 |
| Handelsvoorraad | 249 390 | |
| Debiteurekontrole | 65 300 | |
| Vaste deposito | 225 000 | |
| Krediteurekontrole | | 139 550 |
| **NOMINALE REKENINGE AFDELING** | | |
| Verkope | | 2 700 000 |
| Koste van verkope | 1 600 000 | |
| Korting toegestaan | 4 400 | |
| Lone en salarisse | 144 000 | |
| Advertensies | 35 400 | |
| Oninbare skulde | 24 500 | |
| Rente op vaste deposito | | 11 200 |
| Versekering | 48 100 | |
| Rente inkomste | | 123 000 |
| Telefoon | 33 000 | |
| Herstelwerk | 36 600 | |
| Verbruiksgoedere | 18 200 | |
| Bankkostes | 11 450 | |
| Water en elektrisiteit | 17 900 | |
| Diverse rekeninge | 18 200 | |
| | | |

**AANSUIWERINGS:**

(i) Die telefoonrekening vir Februarie is nog nie betaal nie, R2 425.

(ii) M. Montso, ’n debiteur, se rekening van R1 350 word afgeskryf as oninbare skulde.

(iii) R1 200 se rente op vaste deposito is nog ontvangbaar.

(iv) Volgens die fisiese voorraadopname was die volgende nog voorhande aan die einde van die jaar,

- Handelsvoorraad, R244 890
- Verbruiksgoedere, R2 436

(v) Advertensies sluit ’n bedrag van R7 800 in, wat betaal is vir ses advertensies in die Parys Nuus Koerant. Teen 28 Februarie 2022 het slegs vier van die advertensies in die koerant verskyn.

(vi) Herstelwerk van R4 700 is verkeerdelik in bankkoste aangeteken. Herstel die fout.

(vii) Versekering is 1 maand vooruitbetaal.

(viii) Die huurbedrag sluit huur vir Maart 2022 in. Neem in ag dat die huur met R1 500 per maand op 1 Desember 2021 verhoog het.

(ix) Waardevermindering word soos volg bereken:

- Voertuie teen 20% op kosprys
- Toerusting teen 10% per jaar op die verminderde saldo metode

**45**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou